HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 05 van 2026

20 Januarie 2026

Geagte Ouer/Voog,

Robotika Klub 2026:

Hoërskool Randburg se Robotika Klub het in 2025 begin en ons leerders het baie geleer en goeie vordering gemaak. Hulle het aan die WRO (*World Robot Olimipiad*) deelgeneem en hulle baie goed van hulle taak gekwyt. Ons is baie opgewonde oor die jaar wat voorlê en glo dat ons Robotika Klub van krag-tot-krag gaan groei. Ons 2025-spanne wat op nasionale vlak gekompeteer het, beweeg in 2026 aan na die volgende vlak van kompetisie van die WRO, wat 'n internasionale kompetisie is.

Wat behels die Robotika Klub?

Leerders kom op 'n weeklikse basis bymekaar en leer hoe om robotkarre te bou en om hulle te programmeer om sekere take te verrig en deur 'n hindernisbaan te navigeer. Dit het ongelooflike waarde om leerders se probleemoplossingvaardighede te ontwikkel.

Wie kan deelneem?

Enige leerders, wat in 2026 in graad 8 of 9 is, is welkom om by ons Robotika Klub aan te sluit, **vorige ervaring is NIE 'n vereiste nie.** Indien u kind reeds op laerskool aan WRO-kompetisies deelgeneem het, kan hulle moontlik saam met die bestaande Randjies, afhangend van hul vaardighede, na die volgende vlak van die WRO-kompetisie aanbeweeg.

Robotika-afrigting en -kostes:

Hoërskool Randburg werk saam met *Robotics League*, 'n span robotika-afrigters, wat by verskeie van ons laerskole in die omgewing betrokke is. Afrigting vind weekliks by Hoërskool Randburg plaas en dit geskied dwarsdeur die jaar. Daar is 'n jaarlikse registrasiefooi van R300 per leerder asook 'n maandelikse koste van R730 per leerder, wat afrigting, rekenaars en alle nodige toerusting insluit. **Hierdie koste is vir die deurlopende deelname aan die program en word direk aan *Robotics League* betaal.**

Indien u belangstel om u kind vir die Robotika Klub in te skryf, voltooi asseblief die volgende *Google vorm*: https://forms.gle/CSSJQBCiDit35gzGA.

Indien u kind die Robotika-afrigtingspan wil ontmoet of graag wil kyk wat ons by die Robotika Klub doen, is hy/sy meer as welkom om op 'n Woensdagmiddag vanaf 14:15 by B4 te kom inloer.

Kontakbesonderhede:


Indien u enige navrae het, kontak gerus een van die volgende persone:

Karin Kasselman : karin.kasselman@hsrandburg.co.za
Alexa Nel : info@roboticsleague.co.za

Vriendelike Randjiegroete



K. Kasselman
Robotika-organiseerder



P. Booysen
Skoolhoof